

**12 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: SEFANJA 2 (OAV)  
FOKUSGEDEELTE: SEFANJA 2:7, 9, 11**

**God openbaar sy geregtigheid en genade in 'n dag van oordeel**

Met die woord “want” waarmee vers 4 (OAV) begin, word daar 'n verband gelê tussen die oordeel oor Israel (Sef. 1:7-2:3) en die oordeel oor die vreemde nasies as deel van die gebeurtenisse op “die dag van die Here” (Sef. 1:7). Die aartsvyande van Israel word op gelyke voet gestel met die volk van die Here. Daar is nie eintlik 'n onderskeid nie. Dit is jammer as die Here se oordeel sy eie volk gelykstel met die heidense nasies omdat hulle nie anders lewe nie. Het ons nog die andersheid wat van gelowiges gevra word? Of kan ons soos Israel oor dieselfde kam as die heidene geskeer word?

Weens afgodery word Israel en al die volke gestraf deur die regverdige Here. Op die dag van die Here sny die Goddelike oordeel dwarsdeur God se eie volk en dwarsdeur die volkere van die wêreld. God openbaar egter ook sy genade te midde van sy oordeel oor die volke. Daar kom 'n “oorblyfsel” (Sef. 2:7, 9), 'n geheiligde res van die Godsvolk te voorskyn. Deur sy oordeel oor al die nasies, skeep die Here vir Hom 'n volk van ware aanbidders (vs. 11). Die dag van die Here dien as straf en suiwering op verskillende tye oor verskillende volke deur die eeue heen, maar daar kom 'n finale “dag van die Here”. In die Nuwe-Testamentiese lig gesien, is dit die dag van die wederkoms van die Here. Wat daardie dag so finaal maak, is dat daar vooraf 'n ander finale dag was waarop God met die sondes van die wêreld afgereken het: die dag van Christus se kruisiging en opstanding. Daar het die groot oordeel plaasgevind. Daar het die groot vryspraak vir jou en my gekom. Nou kan ons met vrymoedigheid uitsien na die wederkomsdag van die Seun van God. Dan vind die finale skeiding tussen goed en kwaad plaas op grond van die finale reddingsdaad van God in Christus.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 10*

*Ds Stephan Briel (Bergbron)*